STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY · POST FREE

Vol. 170] PRETORIA, 9 AUGUSTUS AUGUST 1979 [No. 6616

OPENBARE VEILINGS, VERKOPE EN TENDERS · PUBLIC AUCTIONS, SALES AND TENDERS

ERMELO • PLASE TE KOOP.—Op las van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika sal die Adjunk-balju, Ermelo, op 24/8/79 om 10h00, voor die Landdroskantoor te Ermelo, die ondergemelde eiendomme by publieke veiling verkoop:

(1) Gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Tweefontein 479, Registrasieafdeling IS, Tvl., groot 128,479 8 hektaar.

(2) Gedeelte 14 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Tweefontein 479, Registrasieafdeling IS, Tvl., groot 16,495 4 hektaar.

(3) Gedeelte 21 ('n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Tweefontein 479, Registrasieafdeling IS, Tvl., groot 111,983 0 hektaar.

(4) Gedeelte 13 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Tweefontein 479, Registrasieafdeling IS, Tvl., groot 69,157 9 hektaar.

(5) Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Tweefontein 479, Registrasieafdeling IS, Tvl., groot 59,322 0 hektaar.

Die eiendomme grens aanmekaar.

Soos beskryf in Akte van Transport T44543/1973, geregistreer op 13/12/73 in naam van Marthinus Johannes van Dyk, gebore op 5/12/22.

Die ligging van hierdie eiendomme is soos volg:

18 km suidoos van Morgenzon en 12 km vanaf Blaauwkophalte.

Geboue en verbeterings wat beweer word om op die eiendomme te bestaan is soos volg:

Woonhuis, rondawel, waenhuis met pakkamers, waenhuis, trekkerskuur, melkstal, klipkraal, voerkamers en hoenderhokke. Geheel veekerend omhein en verdeel in kampe. Fonteine, drie boorgate en sinktenk. Kafferspruit loop deur eiendomme.

Geen versekering kan gegee word dat die gemelde geboue en verbeterings wel bestaan, of dat enige daarvan vry van 'n retensiereg of huurkoopooreenkoms is, of dat 'n aangrensende eienaar geen belang of kontribusie-eis ten opsigte van 'n grensheining het nie.

Die eiendomme word voetstoots verkoop soos dit staan, onderworpe aan alle serwitute en voorwaardes in die titelakte vermeld.

Die voorwaardes van betaling van die koopsom is soos volg:

Een vyfde van die koopsom tesame met alle kostes in verband met die verkoping insluitende advertensiekoste asook enige belastings en afslaerskommissie teen 2½ persent, moet by toeslaan van die bot in kontant of per bankgewaarborgde tjek betaal word.

Die saldo van die koopsom, plus 8 persent rente daarop vanaf die datum van die verkoping tot datum van betaling, is binne drie maande na die datum van die verkoping aan die Landbank betaalbaar.

Dit staan die koper vry om meer as die voorgeskrewe een vyfde van die koopsom by toeslaan van die bot te betaal, en hy kan die saldo koopprys dadelik of te enige tyd voor verstryking van drie maande na die datum van die verkoping betaal.

Die koper is aanspreeklik vir die betaling van hereregte, transportkoste, belastings, heffings, boedelregte en regeringslaste (as daar is) en enige ander gelde wat nodig mag wees om transport in sy naam te registreer. Die bedrae ten opsigte hiervan moet betaal word sodra die Landbank dit versoek.

Die Landbank behou hom die reg voor om enige eiendom wat te koop aangebied word te enige tyd van die verkoping te onttrek.

Die eiendomme word verkoop onderworpe aan die Staat se beweerde eiendomsreg oor staande oeste wat op die eiendomme mag wees.

INHOUD

Bladsy No.

Geregtelike en ander openbare verkope

Openbare veilings, verkope en tenders

—Land- en Landboubank van SA: Publieke veiling te Ermelo, 24/8/79 ... 1

CONTENTS

Page No.

Sale in execution and other public sales

Public auctions, sales and tenders

—Land and Agricultural Bank of SA: Public auction at Ermelo, 24/8/79 ... 1

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

14252—A

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

6616—1